# SONDAGSKOOL LES – Hoe die Bybel ons lewenspad verlig

**Doel van les:**

- Kinders gaan leer hoe die Bybel hul lewenspad verlig.

**Ysbreker:**

- **Skattejag:** Steek 'n "skat" weg iewers in die saal. Sê vir kinders dat ons nou 'n skattejag gaan hou. Gee vir groepe 'n blaai met die Skattejag instruksies en net vir een groep 'n kaart waarop die pad na die skat aangedui is. Sê: die span wat eerste die skat kry, kan dit hou. Die instruksies is 'n geheim. Moenie dat die ander spanne dit sien nie. Die groep wat die kaart het, behoort die skat maklik te vind. Die ander mag dalk kla dat dit onregverdig was.

**Groepbespreking:**

- Hoekom was dit so maklik vir die een groep om die skat te vind? (Hulle het 'n kaart gehad)
- Wat het die kaart en die beskrywing van die skat vir die wenspan gedoen? (Dit het hulle gehelp om te weet waarvoor hulle soek en hulle het presies geweet waar om te soek)
- Hoe is die kaart in die speletjie baie soos die Bybel in ons lewens? (Altwee help ons om ons weg te vind; albei help ons om te weet waarvoor ons moet soek)

Kry terugvoering van die groepe.

Die Bybel is soos 'n "treasure map"; dis 'n handbook om ons te help om 'n verhouding met God te bou. Kom ons kyk wat God se oor hoe ons die Bybel moet gebruik.

**Groepbespreking:**

Lees Psalm 119:105

- Wat doen 'n lamp vir iemand wat besig om te lees in die donker? (Dit help daardie person om die woorde te sien)
- Hoe is die Bybel soos 'n lamp vir ons? (Dit help ons om te sien hoe om te stap op ons lewenspad; dit help ons te sien waar ons is)

**Aktiwiteit:**

God het ons die Bybel gegee om ons te help om ons pad te vind – soos 'n lamp in die donker. Kom ons kyk bietjie hoe die Bybel dit doen.

Julle is nou 'n span dokters en julle pasient word in 2 Timotheus 3:17 beskryf. Hierdie pasient is nie te gesond op die oomblik nie en nie daartoe in staat om elke goeie werk te doen nie. Julle

werk is om die regte medisyne voor te skryf vir die pasient om te oorleef.  Julle sal die medisyne vind in 2 Timotheus 3:16.

- Wat was julle voorskrif? (Lering; leer wat is verkeerd; leer hoe om reg te leef)
- Hoe kan hierdie voorskrif ons help? (Dit help ons om te sien wat ons verkeerd doen; dit vertel ons wat ons moet weet om reg te leef)
- Hoe sou om vir God te probeer leef sonder die Bybel dieselfde wees as om op 'n vreemde pad in die donker te stap? (Altwee sal baie moeilik wees; mens sal redelik baie struikel en val)

Kry terugvoering.

God se woord is die lig op ons pad.  Dit help ons om op die regte pad te bly, maar slegs as ons dit lees en toelaat.

Sluit af in groepe met gebed.

Skattejag Instruksies

Kyk rondom die vertrek of saal of moederskamer of jullle die skat sien.

Skattejag Instruksies

Kyk rondom die vertrek of saal of moederskamer of jullle die skat sien.

Skattejag Instruksies

Kyk rondom die vertrek of saal of moederskamer of jullle die skat sien.

Skattejag Instruksies

Kyk rondom die vertrek of saal of moederskamer of jullle die skat sien.

Regte Skattejag Instruksies

Gaan na die boilerroom.  In die middel van die vertrek sal julle die skat vind.  Doen dit sodat niemand agterkom dat julle weet waar die skat is nie.